

Ekologiebedienings: Voorbeeld van 'n eko-kalender

"Kerke is bloot deur ander groepe met 'n groen agenda aan boord geneem, om dáárdie groepe se oogmerke te dien." Hierdie beswaar teen Christelike geloofsgemeenskappe se toenemende besorgdheid oor omgewingskwessies veronderstel dat ekologiesake nie regtig met die Christelike geloof te doen het nie. Is dit so?

Omgewingsbewustheid het met die hart van die Christelike geloof te doen. Ons geloof in die *Skeppergod*, wat ook die God is wat Hom keer op keer tot die skepping verbind. Kyk bv. hoe God 'n *verbintenis* aangaan met Noag, sy nageslag, alle vorme van lewe op aarde, en die aarde self (Gen 9:1-11). Ons kan onself ook daaraan herinner dat God deur die kosmiese Christus alles, ja alles op aarde en in die hemel, met Homself *versoen* het (Kol 1:13-20). Die motiewe van skepping en herskepping loop soos 'n goue draad deur die Bybel.

Teen hierdie agtergrond kan ons vra: Hoe kan ekologiebedienings lyk wanneer, byvoorbeeld, die skeppingsverhaal in Genesis 1:1–2:4 as inspirasie en raamwerk dien vir 'n jaarprogram vir ekologiebedienings?


Vooraf 'n paar opmerkings oor die skeppingsverhaal in Genesis 1:1-2:4:

- 1) Walter Brueggemann herinner ons daaraan dat die Bybel keer op keer vertel van
 - 'n florerende wêreld wat baie goed geskape is,
 - 'n wêreld wat dreig om vernietig te word, en
 - die visie van 'n goeie wêreld anderkant vernietiging.Die skeppingsverhaal in Genesis 1:1-2:4 wys 'n baie goeie wêreld, maar is geskryf in 'n tyd toe vernietiging van mense se leefwêreld aan die orde van die dag was. Wys die skeppingsverhaal dus buitelyne van 'n wêreld anderkant dreigende vernietiging?
- 2) Die opbou van die verhaal wys dat die ses skeppingsdae uit drie pare van twee elk bestaan: Dag 1 en 4, dag 2 en 5, en dag 3 en 6. Dag 7, die rusdag, het egter nie 'n maat nie. Ons trap soms in die slaggat om te dink dat dag 7 dan net 'n nagedagtenis of stertjie ná die eintlike skeppingsdae

is. Allermens. Dag 7 se rus (nie die mens van dag 6 nie) is die klimaks van die skepping en verdien spesiale aandag. Die onderstaande visuele voorstelling van die skeppingsdae trap juis in die slagat van 'n afgeskepte dag 7.

CREATION GENESIS 1-2

© Mark Barry 2012. Please do not republish without permission, but feel free to copy for personal use.



- 3) Die skeppingsverhaal het 'n vaste ritme: "En dit was aand en dit was oggend..." Mense se ervaring van die son, maan en sterre se beweging verteenwoordig ook hierdie voorspelbare ritme.
- 4) Tydens die eerste drie skeppingsdae word domeine, lewensruimte en dinge wat noodsaaklik is vir lewensonderhoud geskep, wat die

(voort)bestaan van dit wat in die laaste drie skeppingsdae geskep word, moontlik maak.

Die opbou en inhoud van hierdie skeppingsverhaal dien as inspirasie vir die onderstaande eko-kalender wat die ruggraat vir ekologiebedienings kan vorm. Hierdie ruggraat kan op baie maniere “lyf kry”. Hier is ‘n voorbeeld:

Tyd van die jaar	Skeppingsdae	Spesiale geleentheid	Ervaringsgeleenthede
Eerste kwartaal: Januarie tot Maart	Dae 1 en 4 Dag, nag Son, maan, sterre Lewensritmes	Dag vir verwondering	Uitstappie na bos (een vorm daarvan: gebedswandeling) Sterre kyk
Tweede kwartaal: April tot Junie	Dae 2 en 5 Water, lug Visse, voëls Lewensruimtes	Dag vir water en lug (Ook Wêreldomgewingsdag vroeg in Junie)	Voëls kyk Uitstappie oor waterlewe of watersuiwerheid Plastiekvrye dag Herwinningsentrum besoek
Derde kwartaal: Julie tot September	Dae 3 en 6 Grond, plante Diere, mense Lewensonderhoud	Dag vir grond en plante Of: Dag vir die beskerming van ‘n spesifieke dier Of: Dag vir die waardering van die medemens (Ook Seisoen van die Skepping in September)	Maak van kompos Boom plant Bedreigde dier aanneem Spesiale ontmoeting met mense van die groter gemeenskap
Vierde kwartaal: Oktober tot Desember	Dag 7 Voltooide werk: Rus — alles is baie goed Lewensviering	Dag vir die viering van die lewe en heelheid	Foto- en kunsaktiwiteit: Beeld die mooie, of verweefdheid in ons lewensruimtes uit.

Begeleidende opmerkings oor hierdie voorstel:

- 1) Die skeppingsverhaal se drie dag-pare plus dag 7 maak vier eenhede — een vir elke kwartaal van die jaar. 'n Kwartaal (vakansietye ingesluit) is omtrent 3 maande lank. Dit is lank genoeg dat die program nie deur skoolvakansies of vakansiedae gepooitjie hoef te word nie.
- 2) Elk van die vier kwartale het 'n spesifieke fokus wat deur die betrokke dae van die skeppingsverhaal geïnspireer kan wees (Tweede kolom hier bo).
- 3) Tydens elk van die vier kwartale kan gemeentes 'n unieke ekologiese dag afsonder. (Derde kolom hier bo.)
- 4) Talle praktiese ervaringsgeleenthede of aktiwiteite, wat op 'n manier verband hou met die fokus van 'n bepaalde kwartaal, bied hulleself aan. Die kolom aan die regterkant lys maar net enkele voorbeelde. Aktiwiteite kan wissel, afhangende van die konteks en geografiese ligging van 'n spesifieke gemeente. Hier in die Noordelike Sinode het ons die voorreg dat een van die nuwe lede van die Moderatuur, Louis Lemmer, as ereveldwagter staptoere in die Kruger-wildtuin aanbied. Louis moedig gemeentes aan om van hierdie geleentheid gebruik te maak. Dit is werklik iets besonder om tydens 'n staptog in die Kruger-wildtuin 'n paar oomblikke rustig te word en te reflekteer oor iets waarvan ons in die Bybel lees, of wat ons gereeld tydens aanbidding bely.
- 5) Aanvullend tot die ervaringsgeleenthede, kan eredienste, Bybelstudiegeleenthede, bydraes tot die gemeentenuusbrieff, geloofsvormingsgeleenthede, gespreksgeleenthede oor aktuele kwessies, ens. benut word. Dié geleentheid kan aansluit by die fokus van die kwartaal, wat deur die skeppingsverhaal geïnspireer is.
- 6) Een van die voordele van so 'n eko-kalender, is dat omgewingsbewustheid dwarsdeur die jaar in ons gedagtes leef en so vastrapplek kry in hoe ons leef.
- 7) Wêreldwyd word 'n ekumeniese Seisoen van die Skepping op 'n al hoe groter skaal omarm — gewoonlik van die eerste Sondag in September tot met die verjaardag van Franciskus van Assisi vroeg in Oktober. Hierdie Seisoen van die Skepping, wat elke jaar 'n ander tema het, kan met vrug in die gemeentekalender 'n plek kry. Kyk gerus by www.seasonofcreation.org. Die 2026-tema was *Living Water*.

Mag ons verryk en geïnspireer word wanneer ons hoor hoe gemeentes gestalte gee aan kontekssensitiewe, vindingryke ekologiebedienings wat deel van die hart van gemeente-wees geword het.